

B. Gesprek:

Die „Woes en Leeg” en die „Dag”

(’n Reaksie op artikels van prof. J. L. Helberg. In Die Skriflig, Februarie en Augustus-September 1967.)

Aangesien D.V. eersdaags die (hersiene) tweede uitgawe van die werk: *Bybel, Skepping, Ewoluëie* verskyn, waarin op al die vraagstukke in verband met Gen. 1-3 breedvoerig ingegaan word, kan hierdie artikel kort wees.

Die bedoeling is wat Berkouwer „die gesprek” noem en wat die plek inneem van wat vroeër *polemiëk* was — met ’n onaangename bysmaak.

Die feit dat Helberg selfstandig dink en nie ’n slaafse navorger is nie, ook nie van sy promotor nie, moet gewaardeer word. Te veel het die teologie al gely deurdat „skole” gevorm word wat gewoonlik die stempel dra van een of ander leier.

Wat ’n bietjie hinder is die reglynigheid en versekerdheid in die eksegeëse van Helberg en ander wat in dieselfde rigting gaan. Renckens het in sy studie oor Genesis 1-3 gesê: „Ons onderwerp is vol probleme, maar voller van myëterie.” Natuurlik is die Woord van God die waarheid, maar daar is ook kruëse (kruise) vir die verklarander. ’n Te versekerde eksegeëse is net so gevaarlik vir die verstaan van die Skrif as die ander uiterste wat maar sê: non lignet. Dit vind ’n mens onder meer by Gispén.

Verder is daar vir my in die eksegetiese metode van Helberg iets eienaardigs. Daar word geopereer met begrippe soos logies, temporeel, historiseringsbetekenis, geladenheid, teologiese bepaaldheid, ens., wat vir my die indruk gee of hulle uit ’n Westerse denkklimaat kom en uit ’n sekere opvatting omtrent die openbaringsgeskiedenis. Om kort te gaan: die eksegeëse van Helberg sou ’n mens ongeveer twee eeue gelede sonder enige probleme voorgedra het. Vandag het ons egter te doen met die resultate van verskillende wetenskappe, wat na my beskeie oortuiging ’n eksegeëse soos dié van Helberg en geesverwante onmoontlik maak.

Ons is seker eens oor die gulde reël: *Scriptura sui ipsius interpres*, maar ons moet onself ook rekenskap gee van die resultate van die wetenskappe, veral die natuurwetenskappe. Ons mag ons nie van die wêreld afsluit en die kennis versmaad wat in ons tyd onder die voorsienige bestuur van God na ons gebring word nie. As dit gedoen word, laat die teologie die Bybel meer sê as wat dit inderdaad sê. Dan stry ’n mens vir wat jy as die waarheid van die Woord beskou, maar dit inderdaad nie is nie.

Dit is bepaald die maklikste weg om jou te hou by die tradisionele verklaring, maar of dit verantwoord is, is ’n tweede vraag. Dit wek allerlei gewetenskaplike op, veral by jongmense. ’n Boedelskeiding tussen geloof en wetenskap beteken die vlug vir roeping en verant-

woordelikheid (Berkouwer). Die strewe om wetenskap en geloof met mekaar in harmonie te bring, is gewettig.

Die volgende woord van Hoogkees is hier ter sake: "True Christian faith has the courage to free itself not only from the over-estimation of a human interpretation of nature but also from an over-estimation of a human interpretation of Scripture and therefore it testifies of little faith if one is afraid of geology, palaeontology or biological theory" (*The Principles of uniformity* . . . p. 60) Galilei was oortuig dat die werke van die vingers van God en van sy mond mekaar nie kan weerspreek nie.

Van Galilei gesprek: as ons teoloë as die enigste toelaatbare eksegetiese poneer dat die heelal in ses dae van 24 uur elk tot stand gekom het, moet die natuurwetenskaplike wat lidmaat is van 'n kerk, op straffe van sensuur belet word om van geologiese periodes te praat.

H. Bavinck het in verband met die geval Galilei gesê dat die nuwe natuurkundige ontdekkinge ons getoon het dat Jos. 10:3 (die stilstaan van son en maan) anders as op die tradisionele wyse geëksegetiseer moet word.

Bremmer sê van H. Bavinck dat hy nie uit die weg gegaan het om die ontmoeting met die moderne wetenskap te ontspring nie, maar die vraagstukke eerlik en met 'n oop gemoed aangepak het.

In sy Dogmatiek (4de uitgawe, p. 458 en 459) verklaar hy dan ook dat die geologiese en paleontologiese ondersoekinge in hierdie eeu tot 'n beter verstaan van die skeppingsverhaal gelei het. Skrif en teologie het niks te vrees van die *feite* wat hierdie wetenskappe aan die lig bring nie. Stryd ontstaan wanneer sowel die teks van die Boek van die Skriftuur as dié van die natuur dikwels so slegs gelees en verstaan word. Tot sover Bavinck.

J. A. Heyns verklaar: die teoloog behoort 'n eerlike en volgehoue gesprek met die gelowige natuurwetenskap as een van sy eksegetiese metodes te aanvaar (N.G. Teol. Tydskrif, 1966, p. 38).

Met Lever wil ons saamstem as hy sê dat die spanning tussen geloof en wetenskap dikwels veroorsaak is deurdat vantevore 'n identiteit tussen die Bybeltekste en die opvattinge *uit die eerste fase van die natuurwetenskap gekonstateer is* en as ysterdraad in die gewapende beton van die kerklike tradisie in gewef is (in 'n artikel in Geloof en Wetenskap).

Hierdie argumente klem des te sterker as sowel by die „woes en leeg” as by die „dag” wel gegewens *in die Skrif* gevind word wat die gangbare verklaring *nie steun nie*. Dan kan ons die natuurwetenskap, wat ons oë oopgemaak het, verder maar los en suiwer Skrifmatig werk.

Gewoonlik word deur teoloë wat meen dat die tradisionele verklaring suiwer eksegeties verantwoord is, beweer dat hulle deur niks anders bewege word nie as deur hulle eksegetiese. N. H. Ribberbos verklaar ook telkens dat hy op suiwer eksegetiese gronde tot sy konklusies gekom het. Gispen sê: „de exegeet moet uitleggen wat er staat”. Helberg beweer ook: „Dit is die taak van die teoloog om die

teks te verklaar en hom daaraan te hou. Hy mag nie ter wille van harmoniëring met natuurwetenskaplike of ander wetenskaplike teorieë die teks rek nie" (a.a., p. 28).

Dit klink pragtig en Skrifgetrou, maar daar is ook 'n ander kant van die saak. Kuitert wys byvoorbeeld daarop dat die eksegeet ook sy vooronderstelling het wat hom o.a. deur die Skrifbeskouing en Dogmatiek aan die hand gedoen is. En „wat daar staan" word mede bepaal deur hierdie supposisies (vgl. Geref. Theo. Tydschrift, 1964, p. 50).

Dit sal dus vir elke eksegeet noodsaaklik wees dat hy hom *so min moontlik* deur presupposisies laat lei en so onbevangende moontlik sal luister na wat God spreek. Dit sal o.m. ook moet inhou dat hy kennis neem van wat in die ander wetenskappe aangaan. Per slot van rekening beslis die Skrif eger self.

Die „woes en leeg" (In Die Skriflig, Febr., 1957, p. 3 v.).

Wat ons in hierdie verband parte speel is 'n ou ingewortelde oortuiging dat die hele wêreld paradys was, voordat die mens gesondig het, sodat geen diere kon sterf nie, en daar geen parasiete en roofdiere was nie — orals op die aarde 'n staat van onderlinge vrede. Meer en meer word eger ingesien dat volgens Gen. 2 die paradys 'n baie aparte, spesiaal aangelegde gebied was.

N. H. Ridderbos laat die „baie goed" van die skepping van God slegs sien op die tyd voor die sondeval (van die mens). Koole antwoord dat die geoloë van die V.U. hiermee seker nie baie gelukkig sal voel nie. Moet die asembenemende natuurrampe, waarin kuddes voorwêreldlike diere omgekome het, op rekening van die sondeval (van die mens) geplaas word?

In Gen. 3 lees ons van die bose mag wat die mens verlei. Waar dit vandaan kom word nie gesê nie, maar uit die res van die Skrif blyk dat die slang instrument van Satan was, en hy is „die god van hierdie wêreld", en sou hy dan voor die sondeval van die mens so onskadelik gewees het?

Daar kan ook verwys word na die stryd van God in die oertye teen Rahab, die Leviaten ens. Al kom die uitdrukkinge meestal in digterlike gedeeltes voor, daar word tog nie op niks gesinspeel nie.

Op drie punte moet hier spesiaal geattendeer word: die skrywer hiervan het nooit beweer dat die duisternis ens. van Gen. 1:2 iets demonies is nie (soos Helberg beweer), maar wel dat dit *die gevolg van die optrede van demoniese magte kan wees*.

Verder: uit die feit dat die sataniese mag net *teëgehou* word en nie oorwin word nie, lei Helberg af dat „God dan in mindere of meerdere mate (slegs) 'n Teëhouer van die anti-Goddelike mag" (a.a., p. 11) is. Maar — en hierop is Helberg reeds gewys voordat sy artikel in ons blad verskyn het — die anti-Goddelike mag *bly daar tot die voleinding toe* en sal selfs teen die einde in sy grootste woede losbars. Hoe kan dan verwag word dat hy in die begin vernietig moes gewees het?

Ten derde: Helberg wil die „woes en leeg” sien as „onherbergsame vormloosheid”, op grond van ’n verklaring van Jes. 40:23, wat vir my problematies lyk. Word die begrip „vormloosheid” nie in Gen 1:2 ingedra nie? Kom dit nie miskien uit die vorm-materie-skema van die wysbegeerte nie?

Die „dag” (In Die Skriflig, Aug.-Sept. 1967, p. 20 v.).

Ons kan met Helberg saamstem as hy sê dat die „dag” in Gen. 1 beheers word „deur ’n sterk Goddelike geladenheid”. Dit is „teologies” (ons sou liever sê: openbaringsmatig) gelaai en nie kosmologies of antropologies nie.

Maar dit is dan tog onbegryplik dat hy hierdie wonderlike dag bind aan die *aswenteling van die aarde* — ’n *gewone, natuurlike dag soos ons dit ken* (a.a., p. 29).

Helberg haal (blykbaar met instemming) die bewering van Skinner aan, dat as die skrywer in aeone gedink het, hy dit sou gesê het (a.a., p. 29). Sauer het hierop pragtig geantwoord: hy bestry nie die gedagte dat die skrywer *moonlik* die skeppingsdae as dae van 24 uur gedink het nie. In elk geval kon hy nie oor natuurwetenskaplike kennis van lank na sy tyd beskik nie. *Maar — meer as een maal het die bedoe-linge van die Heilige Gees ver bokant die begrippe van die skrywers uitgegaan.*

Afgesien hiervan is dit glad nie seker dat die skrywer werklik aan dae van 24 uur gedink het nie. In die O.T. word die woord „dag” op talle plekke in die sin van „periodes” gedink. Tot sover Sauer (Vom Adel des Menschen, p. 50-53).

Ramm vra: kan die woorde „aand en môre” nie ook gebruik word nie as middel om ’n „kosmiese dag” uit te druk nie?

Augustinus het reeds gesê dat die skeppingdae so groots is, so majestueus, dat ons hulle nie as son-verdeelde dae maar as God-verdeelde dae moet sien. Hulle is *dies ineffabiles*, onuitspreeklike dae.

Dit moet beklemtoon word dat ons bedoeling nie is om ’n *concordia* tussen die *natuurwetenskaplike ontdekkinge* en die *Bybel* te bewerkstellig nie. Wel glo ons saam met Galilei dat die werk van die mond van God en van Sy vingers mekaar nie sal weerspreek nie, maar die verhaal in Gen. 1 het met natuurwetenskap niks te maak nie. Dit is heilsgeskiedenis of koninkryksgeeskiedenis.

Aan die ander kant kan ons as eksegete nie maar net oogklappe aansit en wat die natuurwetenskaplikes leer bloot as *teorieë* bestempel nie.

Om af te sluit: daar is blykbaar by Helberg en die skrywer hiervan verskillende golflengtes. En dan is daar nie veel hoop dat ons mekaar op eksegetiese gebied sal vind nie. Wat oordry is dat ons albei maar gedurig moet vra na die leiding van die Heilige Gees om in hierdie moeilike vraagstukke as teoloë met die regte hermeneutiese beginsels te werk.

S. DU TOIT.